Republiek van Suid-Afrika ◆ Republic of South Africa

Staatskoerant
Government Gazette

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer) (Registered at the Post Office as a Newspaper)

Prys 10c Price
Oorsee 15c Overseas
POSVRY – POST FREE

VOL. 17.] PRETORIA, 16 JULIE 16 JULY 1965. [No. 1180.

PROKLAMASIES

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

No. 167, 1965]

BYDRAES TOT DIE KOSTE VAN JAKKALS-HEININGS.—GEDEELTES VAN WYK 6 (ANYSBERG), AFDELING LADISMITH.

Nademaal die gebied bestaande uit die Afdeling Ladismith, Provinsie Kaap die Goeie Hoop, waarin die Afdelingsraad van Ladismith regsbevoegdheid besit, kragtens artikel *twee* van die Omheiningswet, 1963 (Wet No. 31 van 1963), saamgelees met artikel *drie-en-dertig* van genoemde Wet, 'n gebied is waarin bydraes tot die koste van grensheinings verpligtend is;

En nademaal daar aan die Minister van Landbou-tegniese Dienste deur die Afdelingsraad van Ladismith 'n afskrif van 'n besluit deur die raad geneem, gestuur is, waarin aanbeveel word dat bydraes tot die koste van—

(*a*) die verandering van 'n grensheining in 'n jakkals-heining; of
(*b*) die oprigting van 'n jakkalsheining as 'n grens-heining,

verpligtend sal wees in daardie gedeelte van Wyk 6 (Anysberg) in die Afdeling van Ladismith wat in die Bylae hiervan beskryf word;

En nademaal behoorlik voldoen is aan die vereistes van subartikel (2) van artikel *twee* van die Omheiningswet, 1963 (Wet No. 31 van 1963);

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *drie* van die Omheiningswet, 1963 (Wet No. 31 van 1963), hierby verklaar dat van en na die datum van publikasie hiervan bydraes tot die koste van—

(*a*) die verandering van 'n grensheining in 'n jakkals-heining; of
(*b*) die oprigting van 'n jakkalsheining as 'n grens-heining,

verpligtend is in daardie gedeelte van Wyk 6 (Anysberg) van die Afdeling Ladismith wat in die Bylae hiervan beskryf word.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Vier-en-twintigste dag van Junie Eenduisend Negehonderd Vyf-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

P. M. K. LE ROUX.

PROCLAMATIONS

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

No. 167, 1965.]

CONTRIBUTIONS TOWARDS THE COST OF JACKAL-PROOF FENCING—PORTION OF WARD 6 (ANYSBERG), DIVISION OF LADISMITH.

Whereas the area comprising the Division of Ladismith, Province of the Cape of Good Hope, wherein the Divisional Council of Ladismith has jurisdiction, is an area in which contributions towards the cost of boundary fences are obligatory in terms of section *two* of the Fencing Act, 1963 (Act No. 31 of 1963), read with section *thirty-three* of the said Act;

And whereas there has been transmitted to the Minister of Agricultural Technical Services by the Divisional Council of Ladismith, a copy of a resolution adopted by the Council, in which it is recommended that contributions towards the cost of—

(*a*) converting a boundary fence into a jackal-proof fence; or
(*b*) erecting a jackal-proof fence as a boundary fence,

shall be obligatory in that portion of Ward 6 (Anysberg), of the Division of Ladismith, described in the Schedule hereto;

And whereas the requirements of sub-section (2) of section *two* of this Fencing Act, 1963 (Act No. 31 of 1963), have been complied with;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section *three* of the Fencing Act, 1963 (Act No. 31 of 1963), I do hereby declare that from and after the date of publication hereof contributions towards the cost of—

(*a*) converting a boundary fence into a jackal-proof fence; or
(*b*) erecting a jackal-proof fence as a boundary fence,

shall be obligatory in that portion of Ward 6 (Anysberg) of the Division Ladismith defined in the Schedule hereto.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Twenty-fourth day of June, One thousand Nine hundred and Sixty-five.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

P. M. K. LE ROUX.

BYLAE.

Die gebied bestaande uit die plase Overschot, Oude Opstal, Matjes Kloof, Wyde Gang, Meidskloof, Mierefontein en Willigefontein, Brandewyns Kloof, Rietfontein, Kruitfontein Outspan, Kruitfontein, Wigt, Boschmans Gat, Oshoek, Papenkuil Fontein, Tygerkloof, Bosch Kloof, Crown Land, Wilgerivier en Ieders Verdriet.

No. 168, 1965.]

DEPROKLAMERING VAN GROND AS 'N PUBLIEKE DELWERY.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *een-en-dertig* van die „Percious and Base Metals Act", 1908 (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), en daardie artikel soos by artikel *honderd-en-negentien* van genoemde Wet op onedelemetale van toepassing gemaak, verklaar ek hierby dat die grond in bygaande Bylae beskryf en soos aangetoon op kaarte wat die Landmeter-generaal op 11 Junie 1897, 10 April 1895, 11 Junie 1897, 5 Desember 1895, 7 Junie 1884, 8 Junie 1884, 16 Junie 1884, 22 Januarie 1885, 7 Junie 1884 en 28 Junie 1884 onderskeidelik onder Nos. 803/97, 35/94, 386/97, 1928/95, 134, 136, 154, 61, 133 en 172 goedgekeur het en waarvan afskrifte in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Barberton, onderskeidelik onder R.M.T. Nos. 2567 tot 2576 bewaar word, naamlik grond wat by Proklamasie No. R. 6946/93 van 16 Januarie 1894 tot 'n publieke delwery geproklameer is, hierby met ingang van die eerste dag na publikasie van hierdie Proklamasie in die *Staatskoerant* gesluit en gedeproklameer is as 'n publieke delwery vir edel- en onedelemetale.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Eerste dag van Julie Eenduisend Negehonderd Vyf-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

J. F. W. HAAK.

SCHEDULE.

The area consisting of the farms Overschot, Oude Opstal, Matjes Kloof, Wyde Gang, Meidskloof, Mierefontein en Willigefontein, Brandewyns Kloof, Rietfontein, Kruitfontein Outspan, Kruitfontein, Wigt, Boschmans Gat, Oshoek, Papenkuil Fontein, Tygerkloof, Bosch Kloof, Crown Land, Wilgeriver, Ieders Verdriet.

No. 168, 1965.]

DEPROCLAMATION OF LAND AS A PUBLIC DIGGING.

Under and by virtue of the powers vested in me by subsection (1) of section *thirty-one* of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), and that section as applied to base metals by section *one hundred and nineteen* of the said Act, I hereby declare that the land described in the attached Schedule and defined by diagrams approved by the Surveyor-General on the 11th June, 1897, 10th April, 1895, 11th June, 1897, 5th December, 1895, 7th June, 1884, 8th June, 1884, 16th June, 1884, 22nd January, 1885, 7th June, 1884 and 28th June, 1884 under Nos. 803/97, 35/94, 386/97, 1928/95, 134, 136, 154, 61, 133 and 172, respectively, copies of which are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Barberton, under R.M.T. Nos. 2567 to 2576, respectively, being land which was proclaimed a public digging by Proclamation No. R. 6946/93, dated 16th January, 1894, shall be and is hereby closed and deproclaimed as a public digging for precious and base metals as from the first day after the publication of this Proclamation in the *Government Gazette*.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this First day of July, One thousand Nine hundred and Sixty-five.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

J. F. W. HAAK.

BYLAE.

Beskrywing van plase.	*Grootte.*	*Geregistreerde eienaar.*
Ohrig No. 428	54 morg 451 vierkante roede	Republiek van Suid-Afrika.
Op-De-Berg No. 429	1,183 morg 572 vierkante roede	Republiek van Suid-Afrika.
Belvedere Creek No. 458	349 morg 341 vierkante roede	Republiek van Suid-Afrika.
Terpen No. 466	318 morg 50 vierkante roede	Republiek van Suid-Afrika.
Clear Stream No. 468	499 morg 582 vierkante roede	Republiek van Suid-Afrika.
Diamond No. 467	499 morg 512 vierkante roede	Republiek van Suid-Afrika.
Crystal No. 497	499 morg 519 vierkante roede	Republiek van Suid-Afrika.
The Peak No. 504	499 morg 208 vierkante roede	Republiek van Suid-Afrika.
Kimberley No. 505	499 morg 289 vierkante roede	Republiek van Suid-Afrika.
Quartskop No. 533	499 morg 552 vierkante roede	Republiek van Suid-Afrika.

(Almal geleë in die registrasieafdeling K.T., distrik Pelgrimsrus, Provinsie Transvaal.)

SCHEDULE.

Description of Land.	*Extent.*	*Registered Owner.*
Ohrig No. 428	54 morgen 451 square roods	Republic of South Africa.
Op-De-Berg No. 429	1,183 morgen 572 square roods	Republic of South Africa.
Belvedere Creek No. 458	349 morgen 341 square roods	Republic of South Africa.
Terpen No. 466	318 morgen 50 square roods	Republic of South Africa.
Clear Stream No. 468	499 morgen 582 square roods	Republic of South Africa.
Diamond No. 467	499 morgen 512 square roods	Republic of South Africa.
Crystal No. 497	499 morgen 519 square roods	Republic of South Africa.
The Peak No. 504	499 morgen 208 square roods	Republic of South Africa.
Kimberley No. 505	499 morgen 289 square roods	Republic of South Africa.
Quartskop No. 533	499 morgen 552 square roods	Republic of South Africa.

(All situated in the Registration Division K.T., District of Pilgrim's Rest, Transvaal Province.)

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

No. 1040.] [16 Julie 1965.

TENDERS VIR VYFJAAROBLIGASIES VIR NIE-INWONERS.

Tenders sal om 11-uur vm. op 2 Augustus 1965 sluit vir Vyfjaar-obligasies vir Nie-Inwoners ter waarde van ongeveer R1,000,000 (eenmiljoen rand) teen 'n minimum prys van R90.00% (negentig rand persent) op die terme

GOVERNMENT NOTICES.

DEPARTMENT OF FINANCE.

No. 1040.] [16 July 1965.

TENDERS FOR FIVE YEAR NON-RESIDENT BONDS.

Tenders will close at 11 a.m. on the 2nd August, 1965, for Five Year Non-Resident Bonds, to the value of approximately R1,000,000 (one million rand) at a minimum price of R90.00% (ninety rand per cent), on the

en voorwaardes soos neergelê in die prospektus gedateer 1 Julie 1964.

Prospektusse is by banke in die Republiek en Suid-Wes Afrika, sowel as by die Tesourie, Uniegebou, Pretoria, verkrygbaar.

Elke tender moet van 'n aparte tjek vergesel gaan.

DEPARTEMENT VAN VERVOER.

No. 1041.] [16 Julie 1965.

HANDELSKEEPVAARTWET, 1951 (WET No. 57 VAN 1951), SOOS GEWYSIG.—KENNISGEWING KRAGTENS ARTIKEL *VIER-EN-SEWENTIG* (1).

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Vervoer, kragtens subartikel (1) van artikel *vier-en-sewentig* van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), soos gewysig, bepaal het dat 'n burger van 'n vreemde land wat kragtens subartikel (2) van artikel *sewe-en-sewentig* van gemelde Wet tot 'n eksamen vir 'n bekwaamheidsertifikaat toegelaat is en 'n bekwaamheidsertifikaat hou as gevolg daarvan dat hy in sodanige eksamen geslaag het, as behoorlik gediplomeerd beskou word vir diens aan boord van 'n verdragskip.

DEPARTEMENT VAN SPOORWEË, HAWENS EN LUGDIENS.

No. 1053.] [16 Julie 1965.

KAAIGELD.—PORT NOLLOTHHAWE.

Die Staatspresident het, kragtens artikel *elf* van Wet No. 4 van 1869 van die Kaap die Goeie Hoop, sy goedkeuring daaraan geheg dat die firma The Consolidated Diamond Mines of South West Africa, Limited, die wettige opvolger van die firma O'Okiep Copper Company, Limited, die volgende kaaigelde hef op alle soorte goedere en artikels wat gelos word by of verskeep word van die genoemde firma se hawehoof by Port Nollothhawe: —

	Per ton van 2,000 lb. of 40 kubieke voet, watter ook al die hoogste koste oplewer. R
Kaaigeld en vervoer binne 'n omtrek van 600 voet van die kennisgewingbord „ Teen Toegang " wat naby die hawehoof opgerig is	0.50
Vervoer verder as die omtrek van 600 voet soos hierbo genoem:—	
601–1,200 voet	0.15
1,201–2,000 voet	0.30
2,001–2,800 voet	0.40
Lossing of verskeping	0.75
Telling	0.05
Swaar pakke:—	
Pakke van drie ton en meer maar hoogstens tien ton elk	1.45
	Olie in massa, per ton van 200 gelling. R
Kaaigeld	0.50

Die bogenoemde tariewe het met ingang 1 Julie 1965 in werking getree en vervang alle vorige tariewe.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

No. 1054.] [6 Julie 1965.

NAAMSVERANDERING.—ARTIKEL *NEGE* VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937, SOOS GEWYSIG—CALITZ IN FOURIE.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), soos gewysig, Louis Phillipus Calitz, woonagtig te Andersonstraat 47, Goodwood, Kaapprovinsie, te magtig om die van Fourie aan te neem.

terms and conditions stipulated in the Prospectus, dated the 1st July, 1964.

Prospectuses are obtainable from banks in the Republic and South West Africa, as well as from the Treasury, Union Buildings, Pretoria.

Each tender must be accompanied by a separate cheque.

DEPARTMENT OF TRANSPORT.

No. 1041.] [16 July 1965.

MERCHANT SHIPPING ACT, 1951 (ACT No. 57 OF 1951), AS AMENDED.—NOTICE UNDER SECTION *SEVENTY-FOUR* (1).

It is hereby notified for general information that the Minister of Transport has, in terms of sub-section (1) of section *seventy-four* of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951), as amended, specified that a citizen of a foreign country who has in terms of sub-section (2) of section *seventy-seven* of the said Act been admitted to an examination for a certificate of competency and who holds a certificate as a result of having passed such examination, shall be deemed to be duly certificated for employment on board a treaty ship.

DEPARTMENT OF RAILWAYS, HARBOURS AND AIRWAYS.

No. 1053.] [16 July 1965.

WHARFAGE CHARGES.—PORT NOLLOTH HARBOUR.

It is hereby notified for general information that the State President has approved, in terms of section eleven of Act No. 4 of 1869 of the Cape of Good Hope, of the following wharfage charges being levied by the Consolidated Diamond Mines of South West Africa, Limited, the legal successor to the O'Okiep Copper Company, Limited, in respect of goods and articles of all descriptions landed at or shipped from the said Company's jetty at the harbour of Port Nolloth: —

	Per Ton of 2,000 lb. or 40 Cubic Feet whichever yields the higher Charge. R
Wharfage and transport within a radius of 600 feet from the " No Admittance " signboard erected near the jetty	0.50
Transport beyond the radius of 600 feet referred to above:—	
601–1,200 feet	0.15
1,201–2,000 feet	0.30
2,001–2,800 feet	0.40
Landing or shipping	0.75
Tallying	0.05
Heavy Lifts:—	
Packages weighing three tons and more but not more than ten tons each	1.45
	Per Ton of 200 Gallons of Bulk Oils. R
Wharfage	0.50

The above charges became operative from 1st July, 1965, and superseded all tariffs previously in operation.

DEPARTMENT OF INTERIOR.

No. 1054.] [6 July 1965.

CHANGE OF NAME.—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937, AS AMENDED—CALITZ TO FOURIE.

The State President has been pleased under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), as amended, to authorise Louis Phillipus Calitz, residing at 47 Anderson Street, Goodwood, Cape Province, to assume the surname of Fourie.

No. 1055.] [6 Julie 1965.

NAAMSVERANDERING.—ARTIKEL *NEGE* VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937, SOOS GEWYSIG—ABROMOWITSCH IN ABRATT.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), soos gewysig, Morris Abromowitsch, sy eggenote Sonia Abromowitsch (gebore Kahn) en sy minderjarige kinders Russell Abromowitsch, Hilary Abromowitsch en Ilona Abromowitsch, woonagtig te Julius Jeppestraat, Waterkloof, Pretoria, te magtig om die van Abratt aan te neem.

No. 1056.] [1 Julie 1965.

NAAMSVERANDERING. — ARTIKEL *NEGE* VAN DIE WET OP VREEMDELINGE, 1937, SOOS GEWYSIG—CARLES IN WEINSTEIN.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel *nege* van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), soos gewysig, Douglas Arthur Carles, woonagtig te Gordon Terrace 19, Bertrams, Johannesburg, te magtig om die van Weinstein aan te neem.

No. 1057.] [16 Julie 1965.

WET OP PUBLIKASIES EN VERMAAKLIKHEDE, 1963.—ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN VOORWERPE: LYS No. A. 23.

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *agt* van die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, 1963 (Wet No. 26 van 1963), die onderstaande publikasies en/of voorwerpe as ongewens verklaar:—

	Publikasie/Publication.	*Deur/By.*
1.	*African Association Review*, No. 33, December, 1964	—
2.	*Afro-Asian Journalist, The*, Vol. 2, No. 1, January/February, 1965	—
3.	*Anglo-Soviet Journal, The*, Vol. XXV, No. 3/4, Spring, 1965	—
4.	*Best Cartoons from Escapade*, Vol. 1, No. 3, Summer, 1965	—
5.	*Blood Brothers*	John McIntosh.
6.	*Boys and Girls Together*	William Goldman.
7.	*Bulletin of the Trade Unions International of Metal and Engineering Industries*, No. 3, April, 1965	—
8.	*Chameleons, The*	John Broderick.
9.	*Chinese Literature*, No. 3, 1965, Uitgegee deur/*Published by* Foreign Languages Press, Peking	—
10.	*Come on 'a my House*	Edited by Phil Hirsch.
11.	*Czechoslovak Trade Unions*, No. 4, April, 1965	—
12.	*Documentation on the Question of West Berlin*, Gedruk/*Printed* in Berlin	—
13.	*Do, Lord, Remember Me*	George Garrett.
14.	*Easter* 1965: *Episcopal Churchmen for South Africa*, Gedruk/*Printed* in New York	—

A. J. VAN WYK,
namens Voorsitter, Raad van Beheer oor Publikasies.

No. 1058.] [16 Julie 1965.

DOEANEWET, 1964.—ONBETAAMLIKE, ONWELVOEGLIKE EN AANSTOOTLIKE GOEDERE: LYS No. B.23.

Die Raad van Beheer oor Publikasies het kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (3) (*a*) van artikel *eenhonderd-en-dertien* van die Doeanewet, 1964, (Wet No. 91 van 1964), beslis dat onderstaande goedere onbetaamlik, onwelvoeglik of aanstootlik is:—

	Publikasie/Publication.	*Deur/By.*
1.	*Angola—Os Dias Do Desespero*	Horácio Caio.
2.	*Behind Communism*	Frank L. Britton.
3.	*Classic Speeches*	Edited by Richard Crosscup.

No. 1055.] [6 July 1965.

CHANGE OF NAME.—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937, AS AMENDED—ABROMOWITSCH TO ABRATT.

The State President has been pleased under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), as amended, to authorise Morris Abromowitsch, his wife Sonia Abromowitsch (born Kahn) and his minor children Russell Abromowitsch, Hilary Abromowitsch and Ilona Abromowitsch, residing at Julius Jeppe Street, Waterkloof, Pretoria, to assume the surname of Abratt.

No. 1056.] [1 July 1965.

CHANGE OF NAME.—SECTION *NINE* OF THE ALIENS ACT, 1937, AS AMENDED—CARLES TO WEINSTEIN.

The State President has been pleased under the provisions of section *nine* of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), as amended, to authorise Douglas Arthur Carles, residing at 19 Gordon Terrace, Bertrams, Johannesburg, to assume the surname of Weinstein.

No. 1057.] [16 July 1965.

PUBLICATIONS AND ENTERTAINMENTS ACT, 1963.—UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND OBJECTS: LIST No. A. 23.

The Publications Control Board has, by virtue of the powers vested in it by section *eight* of the Publications and Entertainments Act, 1963 (Act No. 26 of 1963), declared the undermentioned publications and/or objects to be undesirable:—

	Publikasie/Publication.	*Deur/By.*
15.	*End of Innocence*	William Lawrence.
16.	*Ghana Radio Review and TV Times*, Vol. 6, No. 5, March, 1965	—
17.	*Green Tree in Gedde, A*	Alan Sharp.
18.	*Imminent Danger to World Peace, An*, The Atomic Arming of the West German Federal Republic, Uitgegee deur/*Published by* The Ministry of Foreign Affairs, Berlin	—
19.	*Magnet News*, No. 4, 27 March–9 April, 1965, Gedruk/*Printed* in London	—
20.	*Man's Book*. (Volume containing following books: *Raising of the Queen* by Jerry Korn, *Careful Man* by Richard Deming, *Day they Hi-iacked Death* by James Lake.) Uitgegee deur/*Published by* Odham Books, London	—
21.	*Matter of Colour, A*—Documentary of the Struggle for Racial Equality in the U.S.A. (Penquin Book, No. 2364)	—
22.	*Startling Detective*, Vol. 56, No. 355, July, 1965	—
23.	*Unesco Courier, The*, No. 4, April, 1965	—
24.	*Walk Softly, Witch*	Carter Brown.
25.	*West Wind*	Mel Heimer.
26.	*Wicked Walk on Every Side, The*	Ford Clark.
27.	*Women Without Men*	Marise Querlin.

A. J. VAN WYK,
for Chairman, Publications Control Board.

No. 1058.] [16 July 1965.

CUSTOMS ACT, 1964.—INDECENT, OBSCENE AND OBJECTIONAL GOODS: LIST No. B.23.

The Publications Control Board has, by virtue of the powers vested in it by sub-section (3) (*a*) of section *one hundred-and-thirteen* of the Customs Act, 1964 (Act No. 91 of 1964), decided that the undermentioned goods are indecent, obscene or objectionable:—

	Publikasie/Publication.	*Deur/By.*
4.	*Das Letzte Lied*	Frank Kane.
5.	*Forbidden Sexual Behaviour and Morality*	R. E. L. Masters.
6.	*Girl from Paris, The*	Jessamy Morrison.
7.	*Kalt Wie Ein Brillant*	Carter Brown.

Publikasie/Publication.	*Deur/By.*
8. *Kap Ohne Hoffnung Oder Die Politik Der Apartheid*	Freimut Duve.
9. *L'Ane D'Or*, Vol. 67	Apulée and Darche.
10. *Love without Grace*	Luciana D'Arad.
11. *Master of Falconhurst*	Kyle Onstott.
12. *My Neighbour's Wife*	Sam Webster.
13. *Nachruf Auf Einen Toten Tramp*	David Markson.

A. J. VAN WYK,
namens Voorsitter, Raad van Beheer oor Publikasies.

No. 1059.] [16 Julie 1965.

ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN VOORWERPE.—WYSIGING VAN LYS.

Hierby word bekendgemaak dat Lys No. A. 20 soos gepubliseer in *Staatskoerant* No. 1103 onder Goewermentskennisgewing No. 617, gedateer 7 Mei 1965, gewysig word deur die weglating van item No. 4 en 10 van genoemde lys.

A. J. VAN WYK,
namens Voorsitter, Raad van Beheer oor Publikasies.

No. 1060.] [16 Julie 1965.

ONGEWENSTE PUBLIKASIES EN VOORWERPE.—WYSIGING VAN LYS.

Hierby word bekendgemaak dat die verbod op die invoer en verspreiding in die Republiek van die ondergenoemde publikasie opgehef is:—

„*The Collector*" deur John Fowles.

Lys No. B. 18 wat by Goewermentskennisgewing No. 379 van 19 Maart 1965, gepubliseer is, word dienooreenkomstig gewysig.

A. J. VAN WYK,
namens Voorsitter, Raad van Beheer oor Publikasies.

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.

No. 1042.] [16 Julie 1965.

INSTELLING VAN BANTOESAKEKOMMISSARISHOF TE DANNHAUSER EN INTREKKING VAN DIE AANWYSING VAN DANNHAUSER AS 'N PLEK VAN SITTINGS VAN DIE BANTOESAKEKOMMISSARISHOF TE NEWCASTLE.

Ek, MICHIEL DANIËL CHRISTIAAN DE WET NEL, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikels (1), (2) en (3) van artikel *tien* van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927)—

(*a*) stel hierby 'n Bantoesakekommissarishof te Dannhauser in en bepaal dat die gebied waarin genoemde hof regsmag het, die landdrosdistrik Dannhauser is; en

(*b*) herroep hierby Goewermentskennisgewing No. 1562 van 1947.

M. D. C. DE W. NEL,
Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

N.105/1144.
N.105/1456.

No. 1043.] [16 Julie 1965.

VERANDERING VAN DIE GEBIED VAN DIE PILANESBERGSTREEKSOWERHEID, GEBIED PILANESBERG, DISTRIK RUSTENBURG.

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens—

(1) paragraaf (*b*) van subartikel (1) en subartikel (3) van artikel *twee* van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), soos gewysig, die

Publikasie/Publication.	*Deur/By.*
14. *Powdered Eggs*	Charles Simmons.
15. *Stalin, J. W.*, Werke 9, Gedruk/*Printed* in Germany	—
16. *Stalin, J. W.*, Werke 10, Gedruk/*Printed* in Germany	—
17. *Vom Dämon Besessen*	Carter Brown.
18. *Vrijheid voor mijn Volk*	Albert Luthuli.

A. J. VAN WYK,
for Chairman, Publications Control Board.

No. 1059.] [16 July 1965.

UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND OBJECTS.—AMENDMENT OF LIST.

Notice is hereby given that List No. A. 20 as published in *Government Gazette* No. 1103 under Government Notice No. 617, dated the 7th May, 1965, is amended by deletion of items No. 4 and 10 from the said list.

A. J. VAN WYK,
for Chairman, Publications Control Board.

No. 1060.] [16 Julie 1965.

UNDESIRABLE PUBLICATIONS AND OBJECTS.—AMENDMENT OF LIST.

Notice is hereby given that the prohibition on the importation into and circulation in the Republic of the undermentioned publication has been lifted:—

"*The Collector*" by John Fowles.

List No. B. 18, published under Government Notice No. 379 of the 19th March, 1965, is ammended accordingly.

A. J. VAN WYK,
for Chairman, Publications Control Board.

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT.

No. 1042.] [16 July 1965.

CONSTITUTION OF COURT OF BANTU AFFAIRS COMMISSIONER AT DANNHAUSER AND WITHDRAWAL OF THE INDICATION OF DANNHAUSER AS A PLACE OF SITTINGS OF THE COURT OF BANTU AFFAIRS COMMISSIONER AT NEWCASTLE.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-sections (1), (2) and (3) of section *ten* of the Bantu Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), I, MICHIEL DANIËL CHRISTIAAN DE WET NEL, Minister of Bantu Administration and Development, hereby—

(*a*) constitute a Court of Bantu Affairs Commissioner at Dannhauser and declare that the area in which the said court shall have jurisdiction shall be the Magisterial District of Dannhauser; and

(*b*) repeal Government Notice No. 1562 of 1947.

M. D. C. DE W. NEL,
Minister of Bantu Administration and Development.

N.105/1144.
N.105/1456.

No. 1043.] [16 July 1965.

MODIFICATION OF THE AREA OF THE PILANESBERG REGIONAL AUTHORITY.—PILANESBERG AREA, DISTRICT OF RUSTENBURG.

The State President has been pleased in terms of—

(1) paragraph (*b*) of sub-section (1) and sub-section (3) of section *two* of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), as amended, to modify the

gebied van die Pilanesbergstreeksowerheid, soos omskryf by Goewermentskennisgewing No. 1780 van 28 November 1958, soos gewysig, te verander deur die byvoeging van die gebied van die Manamelastamowerheid soos omskryf by Goewermentskennisgewing No. 2091 van 23 Desember 1960; en

(2) kragtens subartikel (1) van artikel *drie* van genoemde Wet op Bantoe-owerhede, 1951, soos gewysig, te bepaal, dat die Pilanesbergstreeksowerheid, soos hersaamgestel, uit agt-en-twintig lede, met inbegrip van die voorsitter, moet bestaan.

F. 55/6/5.

No. 1066.] [16 Julie 1965.

VOORGESKREWE GEBIED VAN DIE PLAASLIKE GEBIED WINDSORTON.

Ek, MICHIEL COENRAAD BOTHA, Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, verklaar hierby namens die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (1) van artikel *nege bis* van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), en na oorlegpleging met die Afdelingsraad van Barkly-Wes dat, met ingang van die eerste dag van die maand wat volg op dié waarin afkondiging hiervan geskied, die Plaaslike Gebied Windsorton 'n voorgeskrewe gebied is vir die doeleindes van genoemde Wet, die Wet op Bantoe-arbeid, 1964 (Wet No. 67 van 1964), en die regulasies daarkragtens uitgevaardig.

Voorts verklaar ek dat genoemde Afdelingsraad met ingang van genoemde datum in genoemde voorgeskrewe gebied vir die doeleindes van die administrasie van genoemde wette en regulasies regsbevoegdheid het.

M. C. BOTHA,
Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

2 Julie 1965. C.39/7/1775.

DEPARTEMENT VAN WATERWESE.

No. 1044.] [16 Julie 1965.

RUST-DER-WINTER-STAATSWATERSKEMA.

TOEKENNING VAN WATERKWOTA VIR DIE TYDPERK 1 APRIL 1965 TOT 30 SEPTEMBER 1966.

Die Minister van Waterwese het kragtens artikel *drie-en-sestig* (2) (*b*) van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), bepaal dat 'n waterkwota van vyftien (15) kusekuur per ingelyste morg per jaar onder bogemelde skema vir die tydperk 1 April 1965 tot 30 September 1966 toegeken word.

Bogemelde waterkwota is onderworpe aan hersiening in die loop van die waterjaar indien omstandighede dit mag vereis.

No. 1045.] [16 Julie 1965.

ALBASINIDAM-STAATSWATERSKEMA.

VOORLOPIGE WATERKWOTA VIR DIE WATERJAAR 1 APRIL 1965 TOT 31 MAART 1966.

Die Minister van Waterwese het, kragtens subartikel (3) van artikel *drie-en-sestig* van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), bepaal dat die maksimum watertoekenning vanuit die Albasinidam, insluitende aanvullings by wyse van direkte uitkering uit die normale vloei in die Levubu-rivier en sy takriviere en insluitende ook water onttrek deur middel van pomptoestelle uit sodanige rivier of riviere, op die gewone 70 kusekuur per morg gestel word, met dien verstande dat water uit die Albasinidam slegs toebedeel word as en namate dit beskikbaar word.

area of the Pilanesberg Regional Authority, as defined in Government Notice No. 1780 of 28th November, 1958, as amended by the insertion of the area of the Manamela Tribal Authority as defined in Government Notice No. 2091 of 23rd December, 1960; and

(2) in terms of sub-section (1) of section *three* of the said Bantu Authorities Act, 1951, as amended, to determine that the said Pilanesberg Regional Authority, as reconstituted, shall consist of twenty-eight members, inclusive of the chairman.

F. 55/6/5.

No. 1066.] [16 July 1965.

PRESCRIBED AREA OF THE LOCAL AREA OF WINDSORTON.

I, MICHIEL COENRAAD BOTHA, Deputy-Minister of Bantu Administration and Development, do hereby declare on behalf of the Minister of Bantu Administration and Development under the powers vested in him by sub-section (1) of section *nine bis* of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), and after consultation with the Divisional Council of Barkly West that, with effect from the first day of the month following that in which publication hereof takes place, the Local Area of Windsorton shall be a prescribed area for the purposes of the said Act, the Bantu Labour Act, 1964 (Act No. 67 of 1964), and the regulations made thereunder.

I further declare that with effect from the said date the said Divisional Council shall have jurisdiction in the said prescribed area for the purposes of the administration of the said Acts and regulations.

M. C. BOTHA,
Deputy-Minister of Bantu Administration and Development.

2nd July, 1965. C.39/7/1775.

DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS.

No. 1044.] [16 July 1965.

RUST-DER-WINTER GOVERNMENT WATER SCHEME.

ALLOCATION OF WATER QUOTA FOR THE PERIOD 1ST APRIL, 1965, TO 30TH SEPTEMBER, 1966.

The Minister of Water Affairs has, in terms of section *sixty-three* (2) (*b*) of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), determined that a water quota of fifteen (15) cusec hours per scheduled morgen per year be allocated under the above-mentioned scheme for the period 1st April, 1965, to 30th September, 1966.

The above-mentioned water quota is subject to review in the course of the water year if circumstances render this necessary.

No. 1045.] [16 July 1965.

ALBASINI DAM GOVERNMENT WATER SCHEME.

PROVISIONAL WATER QUOTA FOR THE WATER YEAR 1ST APRIL, 1965, TO 31ST MARCH, 1966.

The Minister of Water Affairs has, in terms of sub-section (3) of section *sixty-three* of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), determined that the maximum allocation of water from the Albasini Dam, including additions by means of direct diversion from the normal flow in the Levubu River and its tributaries and including water abstracted from such river or rivers by means of pumping plants, be fixed at the usual 70 cusec-hours per morgen, provided that water be drawn from the Albasini Dam only if and to the extent that it becomes available.

Verder word die skema in vier wyke verdeel ooreenkomstig die vier kanale wat dit bedien en elke wyk op 'n beurtstelsel geplaas word onder toesig van die Hoofwaterfiskaal. Binne elke wyk sal die kanaalwater afgesien van water wat gepomp word eweredig volgens inlysting verdeel en te boek gestel word.

Die 979·5 morg in Wyk (*a*) sal dus net die toevloei na die dam kry (10·7 kusekuur per morg gebaseer op water tans beskikbaar in die dam).

Die 454·5 morg in Wyk (*b*) sal uit die normale vloei in die Levuburivier onderkant die dam 'n toekenning van 17 kusekuur per morg ontvang, gebasseer op die huidige normale stroom.

Die 709·5 morg in Wyk (*c*) sal uit die normale vloei in die Latonandarivier 'n toekenning van 16 kusekuur per morg ontvang, gebaseer op die huidige normale vloei van die Latonandarivier.

Die 69 morg in Wyk (*d*) sal uit die normale stroom in die Barotta- en Luvhungwespruit 'n toekenning van 55 kusekuur per morg ontvang, gebaseer op die huidige normale vloei van die Barotta- en Luvhungwespruit.

Die Departement behou die reg om die gedeelte van die normale stroom wat in die kanaal onderkant die Albasinidam afgekeer mag word te beperk, om te verseker dat oewereienaars onderkant die skema hulle regmatige aandeel daarvan vir primêre doeleindes kry.

Bogenoemde reëlings spruit voort uit 'n noodtoestand en sal beëindig word op 31 Maart 1966 of sodra normale omstandighede terugkeer.

Hierdie kennisgewing vervang alle vorige kennisgewings in dié verband.

DEPARTEMENT VAN BOSBOU.

No. 1046.] [16 Julie 1965.

ONTTREKKING VAN GEDEELTE VAN DIE GEDEMARKEERDE BOSSTREEK.

Ooreenkomstig die besluit geneem deur beide Huise van die Parlement gedurende die sitting van 1965 (Volksraad, 10 Junie 1965: Senaat, 15 Junie 1965), kragtens artikel *nege* van die Boswet, 1941 (Wet No. 13 van 1941), soos gewysig, word die gedeeltes van die gedemarkeerde bosreservaat in die Bylae hiervan gemeld, hierby aan die gedemarkeerde bosstreek onttrek.

BYLAE.

Distrik.	Beskrywing van grond.	Grootte.		Gedemarkeer by Goewermentskennisgewing No.
		Morg.	Vierkante roede.	
Pilgrim's Rest	'n Gedeelte van Spitskop No. 195–JT, samestellende gedeelte No. 3 van Spitskopbosreservaat No. 819	1 (ongeveer)	312	741/1933
Pilgrim's Rest	'n Gedeelte van Gedeelte Maliveld Vallei No. 192–JT, samestellende gedeelte No. 5 van Spitskopbosreservaat No. 819	— (ongeveer)	5	204/1933

DEPARTEMENT VAN LANDE.

No. 1047.] [16 Julie 1965.

STRANDWET, 1935.—VERLENING VAN MAGTIGING AAN MUNISIPALITEIT STRAND, AFDELING STELLENBOSCH, OM REGULASIES UIT TE VAARDIG.

Ek, DIRK CORNELIS HERMANUS UYS, Minister van Lande in die Republiek van Suid-Afrika, magtig hierby die Munisipaliteit Strand kragtens die bevoegdheid aan

Further the scheme is divided into four wards according to the four canals serving them, each ward being placed on a turn basis under the supervision of the Head Water Bailiff. Within each ward the canal water, apart from water pumped, will be distributed proportionately to the scheduled areas and recorded.

The 979·5 morgen in Ward (*a*) will therefore receive only the inflow into the dam (10·7 cusec-hours per morgen based on the water at present available in the dam).

The 454·5 morgen in Ward (*b*) will receive an allocation of 17 cusec-hours per morgen from the normal flow of the Levubu River below the dam, based on the present normal flow.

The 709·5 morgen in Ward (*c*) will receive an allocation of 16 cusec-hours per morgen from the normal flow in the Latonanda River, based on the present normal flow of the Latonanda River.

The 69 morgen in Ward (*d*) will receive an allocation of 55 cusec-hours per morgen from the normal flow in the Barotta and Luvhungwe Spruits, based on the present normal flow of the Barotta and Luvhungwe Spruits.

The Department reserves the right to limit the portion of the normal flow that may be diverted into the canal below the Albasini Dam in order to ensure that riparian owners below the scheme receive their legitimate share for primary purposes.

The above-mentioned arrangements have been made as a result of an emergency and will terminate on 31st March, 1966, or as soon as conditions return to normal.

This notice supersedes all previous notices in this connection.

DEPARTMENT OF FORESTRY.

No. 1046.] [16 July 1965.

EXCISION OF PORTION OF THE DEMARCATED FOREST AREA.

In accordance with the resolution adopted by both Houses of Parliament during the 1965 Session (Assembly, 10th June, 1965: Senate, 15th June, 1965), in terms of section *nine* of the Forest Act, 1941 (Act No. 13 of 1941), as amended, the portions of the demarcated forest reserve referred to in the Schedule hereto are hereby withdrawn from the demarcated forest area.

SCHEDULE.

District.	Description of Land.	Area.		Demarcated by Government Notice No.
		Morgen.	Square Roods.	
Pilgrim's Rest	A portion of Spitskop No. 195–JT, component No. 3 of Spitskop Forest Reserve No. 819	1 (approximately)	312	741/1933
Pilgrim's Rest	A portion of Portion of Maliveld Vallei No. 192–JT, component No. 5 of Spitskop Forest Reserve No. 819	— (approximately)	5	204/1933

1021/60

DEPARTMENT OF LANDS.

No. 1047.] [16 July 1965.

SEA-SHORE ACT, 1935. — GRANTING OF AUTHORITY TO THE STRAND MUNICIPALITY, DIVISION OF STELLENBOSCH, TO ISSUE REGULATIONS.

I, DIRK CORNELIS HERMANUS UYS, Minister of Lands in the Republic of South Africa, hereby authorise the Municipality of the Strand, by virtue of the powers vested

my verleen by subartikel (1) van artikel *tien* van die Strandwet, 1935 (Wet No. 21 van 1935), om met my goedkeuring regulasies uit te vaardig wat van toepassing sal wees op die strand wat binne die regsgebied van gemelde Munisipaliteit geleë is of daaraan grens.

(D. 16328/4.)

DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING.

No. 1061.] [16 Julie 1965.

GEBIED VIR DIE HOU VAN MILITÊRE OEFENINGE DEUR LEDE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE WEERMAG.

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *nege-en-sewentig* van die Verdedigingswet, 1957 (Wet No. 44 van 1957), soos gewysig, die landdrosdistrik in die Bylae hiervan genoem as 'n gebied vir die hou van militêre oefeninge deur lede van die Suid-Afrikaanse Weermag te bepaal:—

BYLAE.

Landdrosdistrik Potgietersrus soos omskrywe in Goewermentskennisgewing No. 1105, gedateer 26 Julie 1963.

DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPSBOU.

No. 1062.] [16 Julie 1965.

VERKOOP VAN ONROERENDE EIENDOM PER PUBLIEKE TENDER INGEVOLGE ARTIKEL *SEWE-EN-DERTIG* VAN DIE WET OP GROEPSGEBIEDE, 1957 (WET No. 77 VAN 1957).

1. Kennisgewing geskied hiermee dat Sy Edele die Minister van Gemeenskapsbou, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *sewe-en-dertig* van die Wet op Groepsgebiede, 1957 (Wet No. 77 van 1957), gelas het dat die eiendomme genoem in die Bylae hiervan per *publieke tender* verkoop moet word.

2. Skriftelike aanbiedinge van persone wat lede van die Blanke groep is, word deur die Sekretaris van Gemeenskapsbou, Privaatsak 149, Pretoria, ingewag. Elke aanbod moet in aparte koevert gestuur word en die koevert moet duidelik gemerk word „ Aanbod artikel 37 " en voorsien wees van die verwysingsnommer aangegee teenoor die beskrywing van die eiendom. Dit moet so gepos word dat dit die Sekretaris nie later nie as 4 Augustus 1965 bereik. Al die koeverte wat ontvang word, sal om 11 vm. op 6 Augustus 1965 in die teenwoordigheid van twee senior beamptes van die Departement van Gemeenskapsbou oopgemaak word.

3. Enige aanbod sal die betrokke persoon vir 'n tydperk van 3 maande vanaf laasgenoemde datum, bind.

4. Die Departement neem nie noodwendig die hoogste of enige tender aan nie of verstrek nie 'n rede vir die aanname of afkeuring van 'n tender nie.

5. Die eiendomme sal op die volgende voorwaardes verkoop word:—

(*a*) Die koopkontrak sal deur die Departement van Gemeenskapsbou opgestel en transport deur die Staatsprokureur besorg word.

(*b*) Die koper sal een-tiende van die koopprys aan kontant by die ondertekening van die koopkontrak moet betaal, en 'n bankwaarborg verskaf vir die balans van die koopprys betaalbaar teen transport in sy naam.

(*c*) Die eiendomme sal „ voetstoots " verkoop word en geen waarborg vir okkupasie sal gegee kan word nie.

(*d*) Indien die bepalings van die Slumswet, 1934 (Wet No. 53 van 1934), op enige van die persele van toepassing gemaak is, sal die koper verantwoordelik wees om aan sodanige bepalings te voldoen.

in me by sub-section (1) of section *ten* of the Sea-shore Act, 1935 (Act No. 21 of 1935), to make, with my approval, regulations which shall be applicable to the sea-shore and the sea situated within or adjoining the area of jurisdiction of the said Municipality.

(D. 16328/4.)

DEPARTMENT OF DEFENCE.

No. 1061.] [16 July 1965.

AREA FOR CONDUCTING MILITARY EXERCISES BY MEMBERS OF THE SOUTH AFRICAN DEFENCE FORCE.

The State President has been pleased in terms of the provisions of paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *seventy-nine* of the Defence Act, 1957 (Act No. 44 of 1957), as amended to appoint the Magisterial District named in the Annexure hereto as an area for conducting military exercises by members of the South African Defence Force:—

ANNEXURE.

Magisterial District of Potgietersrus as defined in Government Notice No. 1105, dated the 26th July, 1963.

DEPARTMENT OF COMMUNITY DEVELOPMENT.

No. 1062.] [16 July 1965.

SALE OF IMMOVABLE PROPERTY BY PUBLIC TENDER IN TERMS OF SECTION *THIRTY-SEVEN* OF THE GROUP AREAS ACT, 1957 (ACT No. 77 OF 1957).

1. Notice is hereby given that the Honourable the Minister of Community Development has, under the powers vested in him by section *thirty-seven* of the Group Areas Act, 1957 (Act No. 77 of 1957), directed that the properties described in the Schedule hereto be sold by *public tender*.

2. Written offers from prospective buyers who are members of the White group are being awaited by the Secretary for Community Development, Private Bag 149, Pretoria. Each offer must be submitted in a separate envelope which must be clearly marked " Tender Section 37 " and must bear the reference number indicated opposite the description of the property. It must be posted so as to reach the Secretary not later than the 4th August, 1965. All the envelopes received will be opened at 11 a.m. on the 6th August, 1965, in the presence of two senior officials of the Department of Community Development.

3. Any such offer will be binding on the person concerned for a period of 3 months from the above date.

4. The Department shall not necessarily accept the highest or any tender, or give reasons for the acceptance or rejection of any tender.

5. The properties will be sold on the following terms and conditions:—

(*a*) The Deed of Sale shall be drawn up by the Department of Community Development and transfer shall be passed by the State Attorney.

(*b*) The purchaser shall be required to pay one-tenth of the purchase price in cash on signing the Deed of Sale and to furnish a bank guarantee for the balance of the purchase price payable against transfer of the property in his name.

(*c*) The properties will be sold " voetstoots " and it will not be possible to guarantee occupation.

(*d*) Should the provisions of the Slums Act, 1934 (Act No. 53 of 1934), have been applied to any of the properties concerned the purchaser would be responsible to comply with such provisions.

(*e*) Die risiko sal op die koper oorgaan by die ondertekening van die koopkontrak deur die verkoper.

(*f*) Die koper sal aanspreeklik wees vir die betaling van hereregte, seëlregte en alle koste van transport.

(*g*) Indien die koper versuim om enige van die voorwaardes van die koopkontrak na te kom, en die kontrak as gevolg daarvan gekanselleer word, word die deposito in voorwaarde (*b*) genoem as roukoop verbeur.

(*h*) Indien die verkoper deur 'n bevel van die Hof belet word om die eiendom aan die koper oor te dra, word die kontrak as gekanselleer beskou en alle gelde reeds deur die koper betaal, word aan hom terugbetaal, maar die koper word op geen skadevergoeding weens kontrakbreuk geregtig nie.

J. H. NIEMAND,
Sekretaris van Gemeenskapsbou.

BYLAE.

1. (*a*) Sekere Erf No. 51, geleë in Joubert- en Markstraat, in die dorp Pietersburg, distrik Pietersburg;

(*b*) Sekere Erf No. 52, geleë in Joubert- en Markstraat, in die dorp Pietersburg, distrik Pietersburg;

(*c*) Sekere gedeelte gemerk Lot A van Erf No. 53, geleë in Markstraat, in die dorp Pietersburg, distrik Pietersburg; en

(*d*) Sekere gedeelte gemerk Lot B van Erf No. 53, geleë in Joubertstraat, in die dorp Pietersburg, distrik Pietersburg.

Verwysing G20/2/522.

2. Sekere Erf No. 101, geleë in Kruger- en Bokstraat, in die dorp Pietersburg, distrik Pietersburg.

Verwysing G20/2/3765.

3. Sekere Lot No. 114, geleë in Derde- en Eerste Straat, Klipriviersooglandgoed Dorpsgebied, distrik Johannesburg.

Verwysing G20/2/3772.

4. (*a*) Sekere Erf No. 298, geleë in Selbystraat, in die dorp Kimberley, distrik Kimberley;

(*b*) Sekere Erwe Nos. 716 en 717, geleë in Jonesstraat, in die dorp Kimberley, distrik Kimberley;

(*c*) Sekere Erf No. 745, geleë in Lawsonstraat, in die dorp Kimberley, distrik Kimberley;

(*d*) Sekere Erf No. 672, geleë in Sydneystraat, in die dorp Kimberley, distrik Kimberley; en

(*e*) Sekere Lot No. 30T, Blok RR, geleë in St. Cyprianslaan, in die dorp Kimberley, distrik Kimberley.

Verwysing G20/2/3779.

DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE.

No. 1048.] [16 Julie 1965.

Hierby word bekendgemaak dat ondergenoemde persone ingevolge artikel *vier* van die Wet op Diplomatieke Voorregte, No. 71 van 1951, geregistreer is as geregtig op diplomatieke immuniteit kragtens genoemde Wet: —

1. *Ambassade van Argentinië*

S.Ed. dr. J. M. G. Alvarez de Toledo.
Mev. M. E. M. Alvarez de Toledo.
Mej M. E. Alvarez de Toledo.
Mej. M. Alvarez de Toledo.
Jongeheer I. L. Alvarez de Toledo.
Mnr. A. A. F. Pugnalin.
Mev. M. E. Pugnalin.
Mej. M. L. Pugnalin.
Jongeheer A. R. Pugnalin.
Mej. P. M. Pugnalin.
Mej. P. J. Pugnalin.
Mnr. J. J. Rinaldini.
Mev. J. Rinaldini.
Mej. M. A. Rinaldini.
Mej. A. Rinaldini.
Jongeheer J. Rinaldini.

(*e*) The risk will pass to the purchaser on the signing of the Deed of Sale by the seller.

(*f*) The purchaser shall be responsible for the payment of transfer duty, stamp duty and all costs of transfer.

(*g*) If the purchaser fails to fulfil any of the conditions of the agreement of Purchase and Sale, the seller shall have the right to cancel the agreement and to retain the deposit referred to in paragraph (*b*) hereof, as earnest or roukoop.

(*h*) Should the seller be prevented by an Order of Court to pass transfer of the property sold, the agreement of purchase and sale would be regarded as cancelled and all amounts already paid by the purchaser would be refunded to him but he would not be entitled to any damages as a result of a breach of contract.

J. H. NIEMAND,
Secretary for Community Development.

SCHEDULE.

1. (*a*) Certain Erf No. 51, situate on Joubert and Market Streets, in the town of Pietersburg, District of Pietersburg;

(*b*) Certain Erf No. 52, situate on Joubert and Market Streets, in the town of Pietersburg, District of Pietersburg;

(*c*) Certain Portion marked Lot A of Erf No. 53, situate on Market Street, in the town of Pietersburg, District of Pietersburg; and

(*d*) Certain Portion marked Lot B of Erf No. 53, situate on Joubert Street, in the town of Pietersburg, District of Pietersburg.

Reference G20/2/522.

2. Certain Erf No. 101, situate on Kruger and Bok Streets, in the town of Pietersburg, District of Pietersburg, measuring two hundred (200) square roods.

Reference G20/2/3765.

3. Certain Lot No. 114, situate on Third and First Streets, Klipriviersoog Estate Township, District of Johannesburg.

Reference G20/2/3772.

4. (*a*) Certain Erf No. 298, situate on Selby Street, in the town of Kimberley, District of Kimberley;

(*b*) Certain Erven Nos. 716 and 717, situate on Jones Streets, in the town of Kimberley, District of Kimberley;

(*c*) Certain Erf No. 745, situate in Lawson Street, in the town of Kimberley, District of Kimberley;

(*d*) Certain Erf No. 672, situate on Sydney Street, in the town of Kimberley, District of Kimberley; and

(*e*) Certain Lot No. 30T, Block RR, situate on St. Cyprians Road, in the town of Kimberley, District of Kimberley.

Reference G20/2/3779.

DEPARTMENT OF FOREIGN AFFAIRS.

No. 1048.] [16 July 1965.

It is hereby notified that the following persons are registered in terms of section *four* of the Diplomatic Privileges Act, No. 71 of 1951, as being entitled to diplomatic immunity under the said Act: —

1. *Embassy of the Argentine.*

H.E. Dr. J. M. G. Alvarez de Toledo.
Mrs. M. E. M. Alvarez de Toledo.
Miss M. E. Alvarez de Toledo.
Miss M. Alvarez de Toledo.
Master I. L. Alvarez de Toledo.
Mr. A. A. F. Pugnalin.
Mrs. M. E. Pugnalin.
Miss M. L. Pugnalin.
Master A. R. Pugnalin.
Miss P. M. Pugnalin.
Miss P. J. Pugnalin.
Mr. J. J. Rinaldini.
Mrs. J. Rinaldini.
Miss M. A. Rinaldini.
Miss A. Rinaldini.
Master J. Rinaldini.

2. *Ambassade van Australië.*

S.Ed. mnr. J. C. G. Kevin.
Mev. M. T. Kevin.
Mej. M. Kevin.
Mej. N. R. Kevin.
Mnr. K. J. McMahon.
Mev. M. McMahon.
Mej. S. L. McMahon.
Jongeheer M. McMahon.
Mej. L. J. McMahon.
Mnr. W. Mayne-Wilson.
Mev. R. E. Mayne-Wilson.
Mej. M. E. K. Mayne-Wilson.
Mej. J. Anderson.

3. *Ambassade van België.*

S.Ed. mnr. J. J. Ch. Smets.
Mev. M. Smets.
Mej. B. E. Smets.
Jongeheer P. C. Smets.
Mej. M. L. Smets.
Jongeheer J. L. Smets.
Mej. B. L. Smets.
Mnr. K. Coeckx.
Mev. E. R. J. Coeckx.
Mej. M. J. Duyvejonck.
Mnr. P. Falsté.
Mev. I. Falsté.
Mej. M. Falsté.
Mej. J. Falsté.
Jongeheer P. Falsté.
Mnr. J. R. G. H. van der Vennet.
Mev. A. van der Vennet.
Mej. S. van der Vennet.
Mej. M. van der Vennet.

4. *Gesantskap van Brasilië.*

Mnr. P. R. B. Nabuco de Gouvêa.
Mev. M. J. Nabuco de Gouvêa.
Jongeheer J. T. Nabuco de Gouvêa.
Mej. M. T. Nabuco de Gouvêa.
Mnr. L. S. Barbosa Soares.
Mej. M. H. Tavarez da Silva.

5. *Ambassade van Duitsland.*

S.Ed. dr. W. Junker.
Mev. C. H. Junker.
Mej. B. C. Rudolph.
Mnr. J. K. Altendorf.
Mev. R. Altendorf.
Dr. O. G. Burchard.
Mev. G. Burchard.
Mnr. J. Burchard.
Jongeheer D. Burchard.
Mej. F. Burchard.
Jongeheer C. Burchard.
Jongeheer M. Burchard.
Mnr. H. C. Clausen.
Mev. I. Clausen.
Mnr. R. Ernst.
